Publication: Rapport - Sake
Title: Vernuwe denke oor water in SA, vra kenners
AVE: 33028.76
Page: 2
Publish Date: 19 May 2019
Author: Liesl Peyper

Vernuwe denke oor water in SA, vra kenners

Liesl Peyper

Die regering het dié week kwaai deurgeloop by die African Utility Week-konferensie in Kaapstad oor sy traagheid om markvriendelike wetgewing deur te voer ter ondersteuning van entrepreneurs wat oplossings het vir waterverwante probleme.

Terselfdertyd neem besteding aan navorsing vir watersekerheid af, het navorsers gewaarsku. In die afgelope vyf jaar het besteding aan dié navorsing met 45% afgeneem.

Dit te midde van 'n knellende droogte oor groot gedeeltes van die land, en Suid-Afrika se waterinfrastruktuur wat uitmekaar val.

Wat ontbreek is die politieke wil en behoorlike investering in nuwe tegnologie en die opknapping van bestaande stelsels, het deelnemers aan die program benadruk.

Daar is talle innoveerders met uitstekende oplossings vir die land se waterprobleme, maar daar is eenvoudig nie genoeg regeringsondersteuning om die nuwe uitvindings in werking te stel nie, het Jay Bhagwan, uitvoerende hoof van watergebruik en afvalbestuur by die Waternavorsingskommissie, gesê.

"Daar behoort samewerking tussen munisipaliteite, universiteite en ander navorsingsinstellings te wees, maar dit gebeur nie."

Bhagwan sê finansiering is hopeloos onvoldoende, wat beteken nuwe uitvindings word in baie gevalle nie gekommersialiseer nie. Hy stel voor dat munisipaliteite proaktief innoveerders en hul uitvindsels aan boord bring. "Ideaal gesproke moet minstens een nuwe uitvindsel per jaar in werking gestel word."

Dr. Hlamulo Makelane, 'n navorsingsgenoot aan die Nelson Mandela-Universiteit in Port Elizabeth, het gesê die regering se beleid oor watersekerheid moet geskoei wees op nuwe navorsing en ontwikkeling.

"Ons kan eenvoudig nie bekostig om te doen wat ons maar altyd gedoen het nie."

Die departement van water en sanitasie het in die 2017-'18-boekjaar 'n gekwalifiseerde ouditverslag gekry - weens 'n oortrekking van R119 miljoen, onreëlmatige besteding van R933 miljoen en skuld van R2 miljard.

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.